Jesus roep my

# Wanneer verhoudings breek …

## Bybelteks

*Die HERE God het na die mens geroep en vir hom gevra: "Waar is jy?" Hy het geantwoord: "Ek het U in die tuin hoor beweeg, en ek was bang, want ek is naak; toe het ek weggekruip." Hy vra toe: "Wie het vir jou vertel dat jy naak is? Het jy van die boom geëet waaroor Ek jou beveel het dat jy nie daarvan mag eet nie?" Die mens het geantwoord: "Die vrou wat U gegee het om aan my sy te wees, sy is die een wat vir my van die boom gegee het, en ek het geëet." Die HERE God vra toe vir die vrou: "Wat het jy nou gedoen?" Die vrou het geantwoord: "Die slang het my bedrieg, en ek het geëet." Die HERE God het [die mens] toe weggestuur uit die tuin van Eden om die grond waaruit hy geneem is, te gaan bewerk.*

**– Genesis 3:9-13, 23**

## Kernwaarheid

**Die mense kies om ongehoorsaam aan God se opdrag te wees, maar God kies dan die lang pad om verhoudings te herstel.**

**WELKOM**

Kon jy mooi hoor wat die maatjie langs jou in jou oor gefluister het?

**WONDER**

- Watter dier het vir Eva oortuig om van die vrugte te eet wat God gesê het hulle nie mag eet nie?
- Wat het gebeur nadat Adam en Eva van die vrugte geëet het?
- Wat het Adam en Eva gedoen toe hulle hoor God is in die tuin?

**WEES**

Kyk na die legkaart wat jy gemaak het en onthou: Adam en Eva se besluit om van die vrugte te eet, was soos om die prentjie uitmekaar te knip. Maar God het van die begin af besluit om die prentjie weer reg (heel) te maak.

**WEGSTUUR**

Bou hierdie week 'n legkaart en dink aan die storie van Adam en Eva in die tuin van Eden.

# Kleur hierdie prentjie in.

